28 Maart 2025

Geagte Ouers / Voogde

TOETSROOSTER: TWEEDE KWARTAAL 2025

Toetsrooster vir graad 4 – 6

Vak	Datum
Afrikaans	Vrydag 9 Mei
Engels	Vrydag 16 Mei
Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis	Maandag 19 Mei
Natuurwetenskappe en Tegnologie	Vrydag 23 Mei
Sosiale Wetenskappe: Geografie	Maandag 26 Mei
Wiskunde	Vrydag 30 Mei
Lewensvaardighede: Persoonlike en Sosiale Welsyn	Maandag 2 Junie

Toetsrooster vir graad 7

Vak	Datum
Afrikaans	Donderdag 17 April
Engels	Vrydag 25 April
Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis	Vrydag 9 Mei
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Maandag 12 Mei
Tegnologie	Vrydag 16 Mei
Natuurwetenskappe	Maandag 19 Mei
Sosiale Wetenskappe: Geografie	Vrydag 23 Mei
Skeppende Kunste	Maandag 26 Mei
Wiskunde	Vrydag 30 Mei
Lewensoriëntering	Maandag 2 Junie

Let asseblief op die volgende sake:

- Leerders ontvang die afbakening en skrifte/leerwerk een week voor hulle ’n vak se toets moet skryf. Gaan asseblief deur hul skrifte en besorg dit weer geteken terug aan die skool.

- Indien ’n leerder afwesig is op die dag waarop afbakenings en skrifte/leerwerk uitgedeel word, is dit die leerder se plig en verantwoordelikheid om dit self te bekom en daarvoor te gaan vra.

- Slegs leerders, wat ’n **<u>mediese sertifikaat</u>** inhandig of op grond van ’n **<u>amptelike skrywe</u>** vanaf ’n ouer/voog, sal ’n leerder goedkeuring van die adjunkhoof (akademie) verkry en toegelaat word om toetse soos volg te skryf:
  - **<u>Vrydagtoetse</u>** word die daaropvolgende **<u>Maandag na skool</u>** geskryf.
  - **<u>Maandagtoetse</u>** word die daaropvolgende **<u>Donderdag na skool</u>** geskryf.
  - ’n Leerder wat nie opdaag vir bogenoemde dae nie sal die toets skryf **op die dag wat hy/sy terugkeer skool toe.**

- Toetse wat na die amptelike toetsdatum afgelê word, sal meer tel as die amptelike toets, aangesien ’n <u>addisionele vraag verpligtend</u> sal wees. Dit is dus belangrik dat leerders wel toetse op die vasgestelde datum aflê.

Baie dankie vir u samewerking met betrekking tot die toetsrooster en die sake wat daarmee verband hou. Mag u en u kinders die akademiese kwartaal positiewe beleef.

Kurrikulumgroete.

I K Kichenbrand
Adjunkhoof Akademie

D F Venter
Skoolhoof